

6 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 43:1-7
Fokusgedeelte: NGB, Art 34

Die doop – eiendom van God

Kry jy ook die idee dat 'n mens in die lewe net 'n nommer is? Iewers is jy 'n identiteitsnommer, 'n saaknommer, 'n lêernommer, 'n belastingnommer, 'n rekeningnommer en selfs 'n nommer daar waar jy vir pizza staan en wag. In 'n oorvol wêreld is nommers handig, want nommers is kleiner as mense.

Soms wonder 'n mens of jy by God nie ook maar net 'n nommer is nie. God het immers al miljoene der miljoene mense gemaak (vers 1, 7). Ons Skrifgedeelte bring die bevrydende antwoord: Vir God is jy nooit 'n nommer nie. Vir God is jy 'n naam. Vir God is jy 'n **PERSOON!** Hy bly altyd persoonlik met jou besig. Hy red jou persoonlik, Hy vorm jou persoonlik en Hy roep jou persoonlik, altyd op die naam (vers 1).

God roep jou egter nie net op j^ou naam nie, Hy roep jou ook op s^y Naam (vers 7). Die doop is 'n teken hiervan, 'n teken dat God jou s^o kosbaar ag en jou s^o liefhet dat Hy sy eie Naam aan jou naam verbind het. Dit het Hy gedoen toe Hy die lewe van sy eie Kind as losprys vir jou gegee het (vers 4). So is die naam waarmee God sy kinders roep altyd **GROTER** as die mens self. Die geheime betekenis hiervan word eers in die ewigheid ontdek (Open 2:17).

Jy is dus nie onpersoonlik God se eiendom nie. In jou plaas God sy eie Naam op die spel. God bly getrou aan die Naam waarmee Hy Hom aan jou verbind het. Hy bly by jou! Jy hoef dus nie vandag bang te wees nie, nie vir water nie, nie vir vuur nie, vir niks nie (vers 5)! Jy is immers gedoop!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)